NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 9
28 Maart 2024

# Die wonder van Paasfees

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Maar U, Here my God, het my van die dood gered.*** **(Jona 2 :6, AFR1983)**

Jesus Christus se opwekking uit die dood was ’n wonderwerk van God. Dit kan nie wetenskaplik bewys of verklaar word nie. Dit is iets wat ons in geloof bely en met dankbaarheid vier. Paasfees herinner ons weer eens daaraan dat niks vir God onmoontlik is nie.

Die verhaal van Jona in die Bybel getuig ook hiervan. Wetenskaplik is dit onmoontlik vir ’n mens om vir drie dae en nagte in ’n vis se maag te oorleef. Maar dit was ook nooit die bedoeling van die verhaal nie. Dit gaan eintlik oor Jona se belydenis: Hulp kom net van die Here af (vers 9). Jona kom tot bekering en die vis spoeg hom weer uit. Wanneer ’n mens tot die besef kom van jou absolute afhanklikheid van God, word jy ’n nuwe mens en gee God jou nog ’n kans.

Dit is die teken (wonderwerk) waarna Jesus verwys wanneer Hy vir ’n teken gevra word en Hy daarop reageer: *Want net soos ‘Jona drie dae en drie nagte in die ingewande van die groot vis was,’ so sal die Seun van die Mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees* (Matt 12: 40, AFR2020). Jesus praat hier van sy eie opwekking uit die dood. Dit is sekerlik die grootste getuienis oor God se almag. Selfs groter as Jona se prediking en Salomo se wysheid. En tog het mense op Jona se prediking en Salomo se wysheid gereageer en sal hulle ook uit die dood opstaan. Hoeveel te meer behoort Jesus Christus se opwekking uit die dood nie daartoe te lei dat mense hul afhanklikheid van God sal besef nie!

Die volle impak van die wonder van Jesus Christus se opwekking uit die dood kan egter nie verstaan word los van sy voorafgaande lyding, sterwe en hellevaart nie. Die feit dat dit alles in my en jou plek gebeur het, maak die wonder van sy opwekking soveel groter. Dit maak dat ons net met soveel meer dankbaarheid ook sal opstaan tot ’n nuwe lewe. Jona moes ook eers neerdaal tot in die dieptes van die see om te besef hoe afhanklik hy van God is. Ons kan nie sonder die Here lewe nie.

Wanneer ons met die wonder van die leë graf gekonfronteer word, kan ons nie anders nie as om daarop te reageer. Dan gebeur die wonder. Dit maak van ons nuwe mense. Want die opgestane Christus leef nou in ons. Dan kan ons waarlik sing:

Vir al my skuld het Hy betaal;
vir my in helle-angs gedaal.
Sy kruis, sy liefde onbegrens,
ontsluit in my ’n nuwe mens.
(Ges 396: 3)

Mag jy hierdie Paasfees opnuut onder die indruk kom van God se groot genade. Mag dit jou inspireer om op te staan en voluit te lewe tot sy verheerliking. Christus het opgestaan! Hy het waarlik opgestaan!

En jy...?

**Dr Gerhard Lindeque**
**Bybelgenootskap van Suid-Afrika**

## Lief en leed



Prof Andries van Aarde

- **Prof Andries van Aarde** is tans in die hospitaal vir 'n operasie as gevolg van diskusdisintegrasie oor baie jare sedert hidrokefalie in 2005 sy vervroegde emeritaat by die Universiteit van Pretoria meegebring het. Ons bid hom spoedige beterskap toe, en vertrou dat hy daarna minder pyn en groter mobiliteit sal ervaar.

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 April, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 28 Maart: Di LJ (Lorret) de Leeuw (44) (Breyten),<br>MD (Mariët) Robbertze (60) (Kempten) en<br>JJ (Jaco) van Sittert (45) (Randburg)
  - Vrydag 29 Maart: Dr FJ (Frans) Boshoff (78) (emeritus/Chrissiesmeer)
  - Maandag 1 April: Ds A (Annalize) Rossouw-Lombard (37) (beroepafwagtend)
  - Dinsdag 2 April: Prof AB (Ananda) Geyser-Fouché (52) (UP) en<br>ds L (Leanie) Lemmer (36) (Bellville)
  - Woensdag 3 April: Ds D (David) Barnard (60) (emeritus)
  - Donderdag 4 April: Di GS (Stephan) Botha (55) (Rustenburg-Suid) en<br>AS (Armandt) Botha (31) (Groeneweide)
  - Vrydag 5 April: Prof T (Tanya) van Wyk (43)<br>(UP/Nederlandssprekende Gemeente)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 1 April** bereik **vir 12 April** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Jakkals Janse van Rensburg

- **Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg** (emeritus) se diensooreenkoms (deeltyds) met Gemeente Paarl is hernu met ingang van 1 Maart 2024.

- **Gemeente Pretoria-Noorderlig** is op 3 April vanjaar **85 jaar oud** (gestig 3 April 1939 as Pretoria-Noord, naamsverandering in 2020). 'n **Gedenkdiens**, gelei deur ds Arie Kuyper, sal op **Sondag 7 April** om 09:00 by Gemeente Witfontein gehou word. Belangstellendes word hartlik uitgenooi om die geleentheid saam te kom vier. Verversings sal ook na die erediens bedien word.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente** het 'n **vakante voltydse werkruimte** beskikbaar. Predikante wat belangstel om in die gemeente te dien, kan hul kontakgegewens en 'n kort CV **voor 19 April 2024** stuur aan die skriba van die gemeente, Aubrey Golightly. Sy e-posadres is **Aubrey.golightly@nwu.ac.za**. Die kerkraad behou steeds die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie van die geleentheid gebruik gemaak het om aansoek te doen nie.

- **Ds André Oberholzer van Gemeente Witbank-Noord** vra of daar nie iewers in die Kerk of by gemeentes **'n kanselkleed (of 'n reeks klede)** rondlê wat nie meer gebruik word nie. Hulle wil graag hul kanselkleed vervang met 'n nuwe, selfs 'n meer moderne, kanselkleed. Indien daar iewers 'n kleed of klede beskikbaar is wat geskenk kan word, sal dit werklik waardeer en gebruik word. Kontak ds Oberholzer by 082 640 0213.

## Vergaderings

- Vrydag 5 April: Beleggingskomitee

# Werkgeleentheid by die Sinodale Dienssentrum

## PUBLIKASIEBESTUURDER/TAALVERSORGER VIR DIE NHKA

**Doel van die rol**
Om publikasies vir die NHKA tydig te skeduleer, te beplan, te taalversorg en beskikbaar te stel ten einde gebruikers in te lig, te inspireer en te ondersteun met geestelike vorming.

**Doelwitte wat bereik moet word**
- Om gereelde publikasies tydig beskikbaar te stel op verskeie platforms om met die Kerk en die wêreld te kommunikeer.
- Om gereelde en ad hoc-publikasies en tekste taalkundig te versorg ten einde kwaliteitmateriaal en -dienste te lewer.
- Om inhoud vir die kerklike publikasies aan te vra en te skep.
- Om ’n goeie verhouding met diensverskaffers te vestig en te handhaaf ten einde dienste tydig en effektief te lewer.
- Om vergaderings van redaksies en die Afdeling Kerklike Kommunikasie tydig te reël, en agendas en notules saam te stel ten einde produksieskedules te beplan en in stand te hou.
- Om ad hoc-vertalings op versoek te lewer om wyer kommunikasie moontlik te maak.
- Om die fototeek op te dateer vir toeganklikheid en hergebruik.

**Kwalifikasies vereis**
- BA-graad met Afrikaans, Engels en Joernalistiek, of ekwivalent.

**Verdere kennis en vaardighede benodig**
- Begrip van die konteks waarbinne kerklike kommunikasie plaasvind.
- Besondere taalvaardigheid in Afrikaans en Engels (proeflees, taalversorging, vertaling, teksredigering).
- Joernalistieke ervaring.
- Mediakennis (insluitend sosialemediaplatforms).
- Produksieskedulering en -beplanning.
- Vergaderingsprosedures en notulering.
- Bestuursvaardigheid binne ’n konteks van kliëntedienslewering en spanwerk.
- Rekenaarvaardigheid (Microsoft Office 365, Adobe Acrobat).

**Werkverwante funksionele vaardighede**
- Kreatiwiteit.
- Kommunikasie (visueel, verbaal, nie-verbaal).
- Dryfkrag en passie.
- Diensingesteldheid.
- Selfdissipline, beplanning en tydsbestuur.
- Leerbaarheid.
- Aanpasbaarheid.
- Analise, probleemoplossing en besluitneming.
- Emosionele intelligensie (insluitende selfkennis, selfinsig, onderskeiding).
- Interpersoonlike verhoudings en spanwerk.
- Oorredingsvermoë.
- Konflikhantering.

**Sluitingsdatum vir aansoeke**
8 April 2024 om 08:00
**Rig navrae aan:**
Ds Etienne Fourie
Voorsitter: Komitee vir Kerklike Kommunikasie
**egf@global.co.za**

## ’n Gedig

### Die Verlosser

Hoe salig ook, sal die geskeide siel nooit
volkome gelukkig wees voor die hereniging
met sy liggaam nie. *Kerkleer*

Hiervoor het die óú wêreld gehunker
na Hom
want sonder Hom
was die hemel slegs ’n briljante winter
skrynend van afwesige bloeisels
’n ruimte waar ’n Tuin was
brandend van engele

maar toe Hy te midde van hulle staan
glansend gevlees
juig skepsel skepsel toe: dié asem
en dié warmte en dié bloedklop
van ’n Paradys wat sag sy wonde sluit:

O het niemand kon raai toe Hy
deur daardie tóé deur loop
hoedat hulle blóm hulle blóm hulle blóm
hoedat die hemel swaar is van die geur
van die vrugsoet somer wat sal kom.

**Sheila Cussons**
(Uit: *Die skitterende wond*, 1979)

## Van der Hoff Teologiese Vereniging



Raai wie is 100?

Die Van der Hoff Teologiese Vereniging is die oudste studentevereniging op die kampus van die Universiteit van Pretoria, en **was op 24 Maart 2024 100 jaar oud**.

Soos die tweede deel van die naam aandui, is die Van der Hoff Teologiese Vereniging ’n vergadering van teologiestudente wat op ’n gereelde basis byeenkom. Deur die jare het Van der Hoff die plek van heenkome en tuiskoms geword. Dié plek waar studente mekaar beter kon leer ken en besondere bande met mekaar kon smee – ook met die dosente.

Daar het ook gevestigde tradisies ontstaan, soos onder andere ’n installasievergadering wat die eerste vergadering van die jaar is, waar ’n formele opening plaasvind, eerstejaars verwelkom word, en ’n gemeenskaplike beker (met wyn) omgestuur word met die volgende woorde: *Ek drink en ek oorhandig aan…* Dit alles om die besondere band tussen mede- Hervormde studente en dosente te smee en te versterk. In die alledaagse omgang word die Vereniging sommer genoem: Van der Hoff.

Gestig onder leiding van die onvergeetlike professore JHJA Greyvenstein en SP Engelbrecht, het dié Vereniging van teologiese studente sigself in 1924 getooi met die naam van die baanbrekerpredikant van die Oorvaalse gebied, ds Dirk van der Hoff. Deur op dié manier ds Van der Hoff en sy gedagtenis te eer, het die Vereniging hom ook verbind met die figuur van ds Van der Hoff en die dinge waarvan ds Van der Hoff die simbool geword het. Die figuur, werk en betekenis van ds Van der Hoff word voortdurend deur die Vereniging beklemtoon. Reeds in 1928, in opdrag van die Vereniging, het ’n brosjure verskyn: *Ds Dirk van der Hoff. Die*

*eerste predikant van Transvaal*. Dit was in hoofsaak die werk van ds Joh Dreyer en met die medewerking van die destydse studente JJ Prinsloo en PW Venter. Met hierdie publikasie het dié studentevereniging ook sy naam verantwoord.

In *De Hervormer* van 15 Desember 1925 publiseer PW Venter, abactis van die Van der Hoff Teologiese Studentevereniging, die konstitusie van die Vereniging.

Die Vereniging is gestig in die studeerkamer van prof Greyvenstein in sy huis in Schoemanstraat 1003 (vandag Francis Baardstraat 1003, rofweg tussen die ambassades van Maleisië en Rwanda). Prof SP Engelbrecht was ook teenwoordig. Die Vereniging is gevorm op die lees van die Utrechtse studentevereniging Secor Dabar en het begin met tien lede. CH Rautenbach was die eerste voorsitter, JJ Strydom assessor, MM Grobler abactis, en JF Brits fiscus. Die ander stigterslede was PW Venter, ES Mulder, WJ Kemp, PJ Smit, JJ Prinsloo, JP van den Berg en GD de Beer.

Veels geluk, Van der Hoff!
**(Saamgestel deur ds Carel Johann de Bruin)**

## Kerklike publikasies


NHKA | Die Hervormer
Gelowig, gehoorsaam en dapper

- In die **April 2024-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **prof Wim Dreyer** dat ons vanjaar die voorreg het om 200 jaar van kerkwees te gedenk, en hy spreek die versugting uit dat die worstelgang van die Hervormde Kerk die afgelope twee eeue ons sal inspireer om gelowig en gehoorsaam aan Gods Woord, en met dapperheid, die toekoms tegemoet te gaan. **Dr Johan van Staden**, redakteur, skryf oor die implikasies van die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (Bela). Die wetsontwerp bevat onder andere bepalings wat handel oor die instelling van 'n verpligte graad R en die regulering van tuisonderrig om kwaliteitonderwys ook in daardie sektor te verseker. Dit is egter die bepalings wat sekere besluitnemingsprosesse sentraliseer wat pla. **Ds Willem Kok** vertel hoe die NHKA se Kinderversorging verander het van weeshuis- tot ouerhuisversorging, en **ds Marina Kok-Pretorius** skryf oor herinnering en verbeelding in Psalms 90-92 en Psalms 105-106. Haar artikel is gebaseer op haar PhD-graad in Semitiese Tale wat sy in Mei 2024 aan UP verwerf. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.




## Toerusting

- Lees ***hier*** **prof Natie van Wyk se artikel** *Geloof en rede onderskei, maar nie geskei*. Volgens Luther is die persoon wat reg kan onderskei tussen geloof en rede 'n ware teoloog. Christene stel nie hul vertroue in filosofieë nie, maar in Christus wat uit die dood opgewek is.

- **Stasies van die kruis: 25-30 Maart**
  **Gemeente Centurion-Oos**
  Napierweg 103, Lyttleton

  Die stasies van die kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef op jou eie tyd. Dit sal sinvol wees om 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Die stasies verskil jaarliks. Daar is 'n handleiding by die begin van die stasies.

  Toegang is gratis. Donasies (kontant, EFT, Zapper) of onbederfbare voedsel is welkom en word vir barmhartigheid aangewend.

  Woensdag 27 Maart 10:00-12:00 en 16:00-19:00
  Donderdag 28 Maart 16:00-18:30
  Vrydag 29 Maart 10:30-13:00
  Saterdag 30 Maart 10:00-13:00

- **40 liedere vir die 40 dae Lydenstyd.** Vanaf Woensdag 14 Februarie is daar elke dag 'n nuwe opname van 'n gepaste kerklied waarna jy kan luister om jou meelewing tydens die Lydenstyd te verdiep. Die musiek is opgeneem in Gemeente Pretoria-Oos. Klik net hieronder en luister dag vir dag saam soos ons die pad na Golgota stap. As jy die lied-vir-die-dag daagliks via WhatsApp wil ontvang, stuur gerus jou selnommer na 072 041 3954.
  Klik ***hier***.

- **Mentorskap-opleiding.** Op **23 en 24 April van 09:00 tot 16:00** vind 'n **gratis aanlyn toerustingsgeleentheid** plaas. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Ander ampsdraers van die Kerk wat ook die opleiding wil bywoon, is baie welkom. Mentors wat dalk hul vaardighede weer wil opskerp – sluit gerus by ons aan! Bespreek jou plek by **https://tidycal.com/decc/nhka-mentorskap**. Vir tegniese bystand met die registrasie, kontak vir Daniël by **esterhd@gmail.com**. Ander navrae: Lisa-Mari Prinsloo 083 943 4561.

- **Sentrum vir Geloof en Gemeenskap: UP Fakulteit Teologie en Religie**
  Saam met Excelsus en die NHKA
  ***Seminaar met prof Gordon Mikoski***
  **Dinsdag 23 April** van 09:00 tot 13:45
  **NGK Stellastraat Brooklyn**
  **Woensdag 24 April** van 09:00 tot 13:45
  **St Michaels Anglikaanse Kerk Weltevredenpark**
  *Christian Education: Our Calling and Commission*
  Koste: R175
  Navrae: **Lance.thomas@up.ac.za**

## Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks** vir bejaardes in **Brooklyn, Pretoria,** beskik oor die volgende:
  - Tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff teen R465 400.
  - Eenslaapkamer-huureenheid beskikbaar by Huis MacIntosh teen R5 330 (krag ens uitgesluit).

  Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen

R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangs-beheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **’n Stukkie Marico Bosveldjuweel te koop**
  **Ten bate van NHKA Groot Marico**
  14,2 hektaar, spruitoewer-eiendom
  Gerieflik toeganklik vanaf N4
  Twee boorgate, een toegerus, sementdam
  Huise bouvallig, geen ESKOM
  Prys R1 550 000.00 onderhandelbaar
  Skakel Boet Nel by 083 700 9751

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.


## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die Groot Lydensweek

Vader,
terwyl ons in hierdie heilige week
nader aan die kruis beweeg,
mag ons dink aan die wonder van Wie U is.
Bokant alle sonde is u liefde onuitputlik.
Bokant gebrokenheid is u vergifnis onbegryplik.
Bokant verraad is u genade eindeloos.
Bokant die dood is die lewe wat u skenk ondenkbaar.
Bokant menslike begrip is u weë verhewe bo al ons planne.
Amen.

Christine Sine 2013
http://godspace.wordpress.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |